# Hoërskool Bergvlam

## Afrikaans EAT
## Graad: 12

| | | |
|---|---|---|
| **Datum** | : | |
| **Tyd** | : | 1 Periode |
| **Punte** | : | 20 |
| **Sleutel** | : | |

| | | |
|---|---|---|
| **Moderator** | : | L. Fullard |
| **Eksaminator** | : | L. Fullard |
| **Taak** | : | 6 [Mondeling: VB Lees] |

**Naam** : ______________________

**Van** : ______________________

**Punte** ______ 
**20**

**VOORBEREIDE LEES: WAT JY OOR BOELIES MOET WEET**

- Leerders moet een van die twee leesstukke voorberei en in die klas kom voorlees vir punte.
  1. Wat jy oor **boelies** moet weet
  2. Hoe **kunsmatige intelligensie (KI)** *[AI – Artificial Intelligence]* die werkwêreld gaan verander
- Hulle moet 'n deeglike kennis van die leesstuk en moeilike woordeskat se **betekenisse** hê.
- Maksimum tyd wat aan elke leerder spandeer word: **3 minute.**

| **Kriteria** | **Punte behaal** | **Moontlike punte** |
|---|---|---|
| **1. AANBIEDING:**<br>Gebruik van gebare lyftaal en gesigsuitdrukking<br>Gesindheid en selfvertroue | | <br>1-4<br>1-4 |
| **2. TAALGEBRUIK:**<br>Korrekte uitspraak<br>Gebruik van stem en leesvaardigheid | | <br>1-4<br>1-4 |
| **3. BEGRIP:**<br>Toon begrip van teks | | <br>1-4 |
| **4. KOMMENTAAR:** | **Totaal:** | **20** |

**LEESSTUKKE:**

# WAT JY OOR BOELIES MOET WEET




1 Volgens die woordeboek is ŉ boelie iemand wat óf vir jou as individu óf ŉ groep mense intimideer of manipuleer. Die woordeboek beskryf die manier waarop boelies teenoor mense optree, as onmenslik. Boelies probeer jou seermaak deur jou lelike name te noem. Verder wil boelies jou laat voel jy is nie deel van die gewilde groep nie. Om jou in hulle mag te kry, gebruik hulle soms hul vuiste of woorde wat seermaak.

2 Navorsers wou uitvind hoekom party mense boelies is. Tydens hulle navorsing het hulle belangrike feite ontdek. Hulle het gevind dat boelies in sommige gevalle arrogante mense is en net aan hulleself dink. Boelies voel goed wanneer hulle jou seermaak. In ander gevalle voel boelies dikwels dat hulle nie goed genoeg is nie en hulle doen hierdie lelike dinge om te voel dat hulle in beheer is. Baie boelies het aggressiewe rolmodelle by die huis en dit is die rede waarom hulle nie leer hoe om hulle eie woede te hanteer of probleme sonder geweld op te los nie.

3 Volgens navorsers sal kinders wat by die huis mishandel word, dikwels by die skool kleiner maatjies seermaak om hulle eie gevoelens te probeer hanteer. Soms weet boelies nie eers hoe hulle gedrag jou seermaak nie. Hulle probeer jou “kleiner” maak om beter oor hulleself te voel.

4 Jy weet jy word geboelie wanneer iemand jou op ŉ lelike manier terg. Boelies wil jou graag forseer om iets te doen wat jou ongemaklik laat voel. Hulle neem dikwels jou besittings van jou af weg of breek iets wat vir jou belangrik is. Boelies kan jou ook van ŉ groep uitsluit deur jou te ignoreer en jou sleg te laat lyk. Hulle vertel graag leuens oor jou.

5 Boelies kan jou met behulp van ŉ selfoon boelie. Hulle gebruik *facebook* en *WhatsApp* om lelike boodskappe oor jou rond te stuur. Om jou op hierdie manier seer te maak, is net so erg soos enige fisiese manier. In die verlede het boelies lelike boodskappe versprei deur briefies in die klas rond te stuur. Vandag versprei hulle slegte boodskappe per selfoon.

6 As jy fisies geboelie word, moet jy nie terugskree, slaan of lelike dinge sê as die boelie dit aan jou doen nie. Sê duidelik vir die boelie om op te hou. Jy kan ook probeer om die boelie te vermy of te ignoreer. Hou ŉ dagboek van al die insidente. Dit kan jou beter laat voel om dit neer te skryf. Verder kan jy al die inligting as bewyse teen die boelie gebruik wanneer jy gereed is om met iemand daaroor te praat. Jy kan ook hulp by jou onderwysers vra om die boelie te hanteer.

7 Onderwysers wat Lewensoriëntering aanbied, gee die volgende wenke as iemand jou deur middel van moderne tegnologie boelie:

- Vertel iemand wat jy vertrou, daarvan.
- Hou al die lelike boodskappe en foto's. Jy kan die inligting gebruik om die boelie op te spoor.
- Moenie die boelie se privaatheid skend deur byvoorbeeld lelike stories oor hom/haar aan ander mense te stuur as jy geboelie word nie. As jy so optree, gedra jy jouself net soos die boelie.
- Verander jou selfoonnommer of stel jou profiel op *Facebook* privaat as die boelie se optrede te erg raak.

8 Volgens sielkundiges kan kinders wat geboelie word, emosionele of gedragsprobleme ontwikkel. Party kinders raak teruggetrokke, want hulle kan nie oor die mishandeling wat hulle by die skool verduur, praat nie. Dit kan ernstige gevolge hê, soos selfmoordpogings.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 13 September 2012]

# Hoe kunsmatige intelligensie (KI)

*[AI – Artificial Intelligence]*

# die werkwêreld gaan verander

https://jouwerk.solidariteit.co.za/hoe-kunsmatige-intelligensie-die-werkwereld-gaan-verander/



1. Die implikasies van onlangse vordering in kunsmatige intelligensie (KI) het wêreldwyd lewendige debatte aangevuur. Soos wetenskapsfiksie werklikheid begin word, begin KI-produkte stadigaan huise en werkplekke infiltreer. Dit laat kommer ontstaan oor die potensiële nadelige uitwerking op die arbeidsmark.

2. **’n Internasionale perspektief op KI**

   Een van die studies is gepubliseer deur PricewaterhouseCoopers, ’n internasionale maatskappy wat finansiële en belastingdienste lewer. Hy het voorspel dat ongeveer 38% van poste in Amerika groot gevaar loop om teen die vroeë 2030’s geoutomatiseer te wees. In Duitsland kan tot 35% van poste in gevaar wees. Die maatskappy het gesê ongeveer 30% in Brittanje en 21% in Japan kan ook geraak word.

3. Volgens ’n verslag deur die konsultmaatskappy Accenture is Suid-Afrikaners bekommerd dat KI hul poste sal uitskakel en inkomsteongelykheid selfs nog verder sal laat versleg.

4. Accenture het in 2017 in hul navorsing voorspel dat verbruikers en ondernemings se kliënte binne vyf jaar produkte en dienste sal kies op grond van ’n maatskappy se KI in plaas van daardie maatskappy se tradisionele handelsmerk.

5. ’n Onlangse studie deur die McKinsey Global Institute het konserwatief geskat dat 15% van die globale werkmag ─ ongeveer 375 miljoen werkers ─ binne die volgende 15 jaar dalk van werk sal moet verander. Dit het ook bevind dat ongeveer 60% van beroepe minstens 30% fundamentele werkaktiwiteite het wat geoutomatiseer kan word.

6. **Die KI-situasie in Suid-Afrika**

   Plaaslik is daar reeds begin om werkers deur robotte te vervang ─ veral deur meganisasie in die histories arbeidsintensiewe mynbousektor. Nog KI is op pad. Die kleinhandelaar Pick n Pay het byvoorbeeld begin met ’n geoutomatiseerde kassierstelsel wat selfhelp-uitmelding moontlik maak.

7. Maar, volgens McKinsey se analise is daar tog sekere soorte werk wat na verwagting sal groei. Dit sluit die volgende in:

8. **Versorgers:** Dokters, verpleegsters, tuisgesondsheidshulpe en ander versorgers sal meer in aanvraag raak as gevolg van stygende gesondheidsorgbesteding weens mense se toenemende welvaart en ouerwordende bevolkings.
9. **Deskundiges:** Rekenmeesters, ingenieurs en wetenskaplikes sal in aanvraag bly ─ maar ondersteunende beroepe, soos regsassistente en wetenskaplike tegnici, kan met groot outomatisering te doen kry.
10. **Bouers:** Argitekte, landmeters en kartograwe, net soos konstruksiewerkers, elektrisiëns, skrynwerkers en loodgieters, werk in onvoorspelbare omgewings en sal dus in die komende dekade minder gevoelig vir outomatisering wees.
11. **Tegnologiedeskundiges:** Hierdie spesialiste sal in aanvraag bly na gelang outomatisering toenemend aanvaar word. Dit is minder waarskynlik dat tegnologiese beroepe wat hoër vlakke van opleiding vereis, soos rekenaarwetenskaplikes en sagtewareontwikkelaars, sal sien dat hul beroepsaktiwiteite geoutomatiseer word.
12. **Bestuurders en uitvoerende beamptes:** Daar is geen sektor waarin hierdie poste maklik deur masjiene oorgeneem kan word nie, hoewel sekere van hul meer roetineaktiwiteite geoutomatiseer sal word.
13. **Opvoeders**: Daar sal ’n beduidend groter vraag na onderwysers en andere wees, veral in ontluikende ekonomieë met jong bevolkings.
14. **Kreatiewes**: Stygende inkomste in ontluikende ekonomieë sal ’n groter vraag na vryetyd- en ontspanningsaktiwiteite skep. Dit sal op sy beurt weer ’n behoefte skep aan kunstenaars, verhoogkunstenaars en vermaaklikheidskunstenaars, hoewel die getalle relatief klein sal bly.

15. In ’n KI-gedrewe toekoms sal die gesogte vaardighede dié wees wat selfs die intelligentste rekenaars nog lank nie sal kan namaak nie. Dus: besluitnemingsvaardighede, mensvaardighede, kreatiewe denke sowel as etiek sal almal kritiek bly. Hoe kragtig ’n rekenaar ook al kan wees by die verwerking van komplekse inligting, hy bly beperk tot die data wat hy gevoer word.